Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 43: *Masei* (מסעי) Reistogte

Dit is die reise van die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het volgens hulle leërafdelings, onder die leierskap van Moshe en Aharon. Num. 23:1 – PWL.[1]

Torah : Num. 33:1 tot 36:13

- **Num. 33:1 tot 56** – Reistogte En Staanplekke In Die Wildernis.
- **Num. 34:1 tot 35:**8 – Die Grense Van Kanaän En Die Verdeling Van Grond
- **Num. 35:1 tot 8** – Die Stede Wat Aan Die Leviete Afgestaan Moes Word.

Haftorah: Jeremia 2:4 tot 28 and 3:4 – Jou Eie Boosheid Sal Jou Tugtig**.**

Hernieude Verbond: Hebr. 11:13; 1 Peter 2:11; Rom. 8:13; Rom. 13:14; 2 Kor. 5:20; 2 Kor. 7:1; Gal. 5:16 en 17; Efes. 4:1; 2 Tim. 2:22; 1 Pet. 1:7; 1 Pet. 4:2; 1 Joh. 2:15 tot 17; Jak 4:1 tot 12; 2 Kor. 10:3 tot 6; Efes. 6:10 tot 18; Luk. 22:30; Open. 21:12.

Happiness will never come to those who fail to appreciate what they already have – Anonymous

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer

We must translate pain into action, and tears into growth – Menachem Mendel Schneerson

Failure is when one stops trying, not when one doesn't succeed – Anonymous.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Midrash (Torah Bespreking)

Num. 33:1 tot 56 – Reistogte En Staanplekke In Die Wildernis

Moshe het volgens die opdrag van יהוה die aanvangsplekke van hulle reise opgeskryf. Hierdie is hulle reise, volgens hul aanvangsplekke. Num. 33:2 – PWL.

Israel was gedurende hulle swerftog in die wildernis voortdurend aan die beweeg – altesaam 42 keer. Die eerste keer uit Egipte tot by Sukkot en daarna 41 keer wat hulle opgepak en saam met die wolk tot by hulle volgende bestemming getrek het. Elk van die staanplekke het ‘n Hebreeuse naam wat verwys na die gebeure en ontberings op hulle tog na die Beloofde Land. Hierdie gebeure en ontberings is ook ‘n aanduiding van wat ons elkeen kan verwag op ons swerftog na ons beloofde geestelike erfenis in Yeshua Messias.

Hoewel Israel YHVH se wolk van heerlikheid gevolg het, was hulle reistog na Kanaän nie maklik gewees nie. Net so sal ons geloofslewe as studentevolgelinge van Yeshua ook gebeure en ontberings bevat wat ons op verskillende wyses sal beproef.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous

Torah leer ons hoe om alle omstandighede wat oor ons lewenspad kom te hanteer en baas te raak en in Yeshua meer as oorwinnaars te wees.

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Rom. 8:37

Satan sal poog om te steel en te slag en te verwoes, maar wanneer ons in alle opsigte aan Vader-God se onderrig en instruksies onderdanig is, sal ons ‘n oorwinnaars lewe in Yeshua deelagtig wees (Joh. 10:10; Jak. 4:7).

‘n Torah-gehoorsame geloofslewe is veral nie maklik nie, want dit veroorsaak dikwels konflik met geliefdes en vriende. Soos daar in toenemende gehoorsaamheid aan YHVH se onderig en instruksies gelewe word, ontstaan omstandighede waar ‘n keuse gemaak moet word tussen eie belange en begeertes en dit wat Vader-God van elkeen verwag. Dit vereis ‘n sterwe van die eie-ek (van selfisme). Maar die loon is groot vir die wat getrou is en die wêreldse begeertes en selfisme oorwin het. Ons sal uiteindelik oorwin deur ons getuienis van Yeshua en van Torah-gehoorsaamheid.

Die draak was woedend vir die vrou en hy het gegaan om oorlog te voer teen haar en dié wat oorgebly het van haar Seun, dié wat die opdragte van God nakom en die getuienis van Yeshua vashou. Open. 12:17 – PWL.

Gedurende ons geloofsreis gaan ons ook soos Israel van ouds by ‘n ‘plek’ aankom waar ons beproef gaan word. Elke plek moet egter net die aanvangsplek wees vir ons verdere reis na die Beloofde Land. By elke plek wat ons aandoen moet ons onthou:

The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!

Maar dan is dit ook ewe belangrik om te besef dat *we cannot live on yesterday’s glory*! Nee, want:

The thought of what has already been accomplished can be the death of that which is still to be accomplished!

Soos Israel nie staties op een plek kon bly nie, maar voortdurende gereed moes wees om saam met die wolk van heerlikheid aan te beweeg, so kan ons nooit bekostig om in ons geloofslewe tevrede te wees met waar ons is nie. Ons passie (ywer) om YHVH Yeshua voortdurend te soek en te volg mag nooit verflou nie. Verwysend na ons vorige parashah moet ons elke dag lewe met die Geesgedrewe ywer van Pinehas!!

Op ons aardse reis moet ons egter altyd onthou dat ons vreemdelinge en bywoners is (Heb. 11:13; 1 Pet. 2:11). Ons tree op as gesante van Yeshua Messias (2 Kor. 5:20) en daarom moet ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en heiligmaking (afsondering) in die vrees van God volbring (2 Kor. 7:1).

Op ons geloofsreis moet ons ook deur die 'wolk' van die Afgesonderde Gees gelei word (Rom. 8:1 en 4; Gal. 5:16 en 17; Efes. 4:1 tot 3).

Laat ons elkeen se getuienis ook die volgende wees:

Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. 2 Tm. 4:7.

Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê. Heb. 12:1.

Bepeins of Bespreek

1. Israel se wildernis swerftog het begin by Raämses in Egipte op die dag na Pesag, naamlik op die 15e dag van die eerste maand (Aviv)(Num. 33:3). Ons weet dat Pesag 'n sinnebeeld is van Yeshua die Pesaglam en dus van wedergeboorte. Israel het geglo dat die geslagde lam hulle redding van die slawejuk van Egipte sal wees en daarom was dit vir hulle 'n nuwe begin. As te ware is Israel op daardie dag 'weer gebore' as 'n bevryde volk, en was die dag na Pesag dus die eerste dag van hulle reis na die Beloofde Land. Die Hebreeus vir Egipte is *mitzrayim* wat afkomstig is van die woord *meytzarim* wat *beperking en bedwing* beteken, met ander woorde 'n binding! Egipte is dus 'n sinnebeeld van fisiese en geestelike gevangenskap. *Raämses* beteken *kind van die Son* en verwys na *Ra* die songod van Egipte. Israel is dus van die fisiese slawegevangenis bevry, asook van die geestelike gevangenskap van afgodery om die God van Abraham, Isak en Jakob te gaan dien in die Beloofde Land. Kan jy die ooreenkoms sien met elkeen wat glo dat Yeshua die Lam van YHVH is? Wedergeboorte deur geloof in Yeshua as die Messias is die bevryding van die slawejuk van sonde en van die dien van vals gode! Dit is die begin van elkeen se geloofsreis!

2. Dit het Israel een reistog vanaf Raämses na Sukkot geneem om uit Egipte te kom. Die ander 41 reistogte was die pad na Kanaän waartydens Moses vir Israel onderrig het in Torah en waartydens hulle prakties moes leer alvorens hulle Kanaän in besit kon neem. Die 41 reistogte in die wildernis moet dus gesien word as die proses om Egipte (*Mitzrayim*) uit Israel te kry en uiteindelik totale vryheid in Kanaän deelagtig te wees. Elke reistog kan gesien word as 'n sinnebeeld van 'n beproewing en 'n bevryding om uiteindelik Kanaän in besit te neem. Sien jy ook die ooreenkoms met jou eie geloofslewe?

Lees 2 Tim. 2:15 in die verband. By watter 'plekke' het jy al in jou geloofsreis aangekom? Was elke van hierdie plekke die aanvangsplek vir jou verdere reis?

3. Die getal 42 word in Hebreeus aangedui deur die letters *dalet* en *bet*. *Dalet* simboliseer *'n deur* of *'n pad* (*'n voetpad, 'n weg*) en *bet* simboliseer *'n tent* of *'n huis* of *'n huishouding*. Die getal 42 is dus 'n sinnebeeld van *die pad* (*die deur*) *tot in die huis* (*huishouding*). Torah is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad (Ps. 119:105; Spr. 6:23) tot in die huis van Vader-God waar ek deel word van Sy huishouding en al die seëninge!

Num. 34:1 tot 35:8 – Die Grense Van Kanaän En Die Verdeling Van Grond

Gee bevel aan die kinders van Israel en sê vir hulle: As julle in die land Kanaän kom, sal dit die land wees wat aan julle as erfdeel sal val; die land Kanaän volgens sy grense. Num. 34:2

En Moses het aan die kinders van Israel bevel gegee en gesê: Dit is die land wat julle deur die lot as erfdeel sal verwerwe, wat YHVH beveel het om aan die nege stamme en aan die halwe stam te gee. Num. 34:13.

Elk van die twaalf stamme het hulle toedeling van grond ontvang. Die vraag is egter wat van die nie-Israeliete, want soos ons in Ex. 12:38 lees, het 'n menigte van mense met gemengde bloed ook saam met Israel uit Egipte getrek. Hierdie vreemdelinge (nie-Israelite) het mettertyd by die twaalf stamme van Israel aangesluit. Hulle het dus ook geglo in die God van Abraham, Isak en Jakob en het ook saam met Israel by Sinai gestaan en YHVH se Torah ontvang om daarvolgens te lewe.

Hierdie nie-Jode is die na wie Paulus verwys as die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is:

As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou! Rom. 11:17 en 18 – PWL.

Daarom het die Nuwe Jerusalem slegs twaalf poorte wat vernoem is na die twaalf stamme van Israel (Open. 21:12). Daar is nie 'n poort vir die 'kerk' nie of vir die nie-Jood (vreemdeling) nie! Hierdie is voldoende bewys dat Vervangingsteologie (*Replacement Theology*) wat mense leer dat die kerk Israel vervang het, 'n ernstige misleiding is!!

Bepeins of Bespreek

1. Hoe gaan jy en ek weet by watter stam ons hoort? Is dit iets wat ons reeds nou kan weet of gaan dit eers aan ons openbaar word wanneer ons elkeen voor die regterstoel sal staan om ons loon te ontvang?

Num. 35:1 tot 8 – Die Stede Wat Aan Die Leviete Afgestaan Moes Word.

Gee bevel aan die kinders van Yisra'el dat hulle aan die Leviete, van die erfenis van hulle besitting stede gee om in te bly en julle moet ook weidingsgrond rondom die stede vir die Leviete gee. Hulle sal die stede hê om in te bly en die oop grond moet vir hulle beeste en hulle vee en al hulle diere wees. Num. 35:2 en 3 – PWL

Studentevolgelinge van Yeshua is soos Leviete vir Messias. Die Leviete van ouds was die dienaars van die tabernakel (tempel) en deel van die priesterorde. Vandag is Yeshua Messias die Lewende Tempel en die ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek en ons is die koninklike priesterdom.

Soos wat die Leviete die 'eiendom' van die tabernakel was, so is ons die 'eiendom' van Yeshua (1 Kor. 6:19). Ons taak kan in vele opsigte met die van die Leviete van die ou verbond vergelyk word. Ons tree namens Yeshua op as middelaars vir die wat met YHVH versoen wil word. Ons dra die juk van Yeshua en help met die onderhoud van die gemeente (tabernakel). Soos die Leviete word ons toevertrou met YHVH se Torah om ander daarin te onderrig.

Die Torahgroepies wat weekliks bymekaar kom kan vergelyk word met die stede waarin die Leviete woon. Dit is verspreid in YHVH se Koninkryk, maar elkeen moet die lig en die sout in hulle gemeenskap wees. Hulle moet duidelik uitgeken kan word aan hulle bereidwilligheid om in alle opsigte aan YHVH se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees.

Bepeins of Bespreek

1. Beteken 'n dissipel (studentevolgeling) van Yeshua wat vergelykbaar met die Leviete is, dan nie die aflegging van die najaag van aardse belange en die vertroue dat YHVH in al ons behoeftes sal voorsien nie? Hoe is dit versoenbaar met ons hedendaagse funksionering van 'n gemeente (kerk, denominasie, bediening) waar een (die herder, pastoor, dominee) die rol van Leviet (priester) aanneem en die res vir hom en sy huisgesin moet sorg?

2. In die lig van die afwesigheid van 'n tempel is Judaïsme se siening dat tiendes gegee word daar waar elkeen onderrig in Torah ontvang. Is dit nie maar basies dieselfde siening wat die Christendom het nie? Is dit versoenbaar met dit wat Torah ons leer?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jer. 2:4 tot 28 en Jer. 3:4 – Jou Eie Boosheid Sal Jou Tugtig.

Die lees van hierdie week se Haftorah is tydens die Drie Weke van Smart (*Three Weeks of Sorrow* of ook genoem *Between the Straits*), naamlik vanaf die 17e dag van die maand Tammuz, bekend as *Tzom Tammuz* wat by wyse van 'n vas gedenk word, tot die 9e dag van die maand Av, bekend as *Tisha B'Av* (wat letterlik *die negende van Av beteken*) en ook 'n vasdag is. Hierdie drie weke is 'n tydperk van *teshuva*, naamlik 'n tydperk van selfondersoek en terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid. Geen huwelikseremonies of feesvieringe word in hierdie tyd gehou nie. Daar word 'n beroep gedoen om naarstiglik in hierdie tyd die Torah te bestudeer, veral in die lig van Jes. 1:24-27; 29:7-8.

Die Drie Weke van Smart wat op *Tisha B'Av* 'n hoogtepunt bereik, word as die hartseerste dae op die Joodse kalender beskou, want deur die eeue het verskeie rampe vir Israel gedurende hierdie tydperk getref, waarvan die vernietiging van die eerste en die tweede tempel as die hartseerste beskou word.

Israel besef dat hulle voorvaders se Torah-ongehoorsaamheid tot hierdie gebeure aanleiding gegee het. Daarom is hierdie drie weke vanaf 17 Tammuz tot en met die 9 Av steeds vandag by Judaïsme 'n geleentheid vir die huidige generasie om *teshuvah* te doen en en met opregte

berou terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid. Dit dien as herinnering en waarskuwing om nie weer dieselfde foute as die voorvaders te maak nie!

So begin hierdie week se Haftorah dan met die woorde van YHVH deur die profeet Jeremia:

So sê יהוה: "Watter onregverdigheid het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My af weggegaan en agter leegheid aan geloop het en self leeg geword het? Jer. 2:5 – PWL.

Israel het weggedraai van YHVH en vergeet dat dit Hy is wat hulle uit Egipte bevry het en wat hulle deur die wildernis tot in Kanaän gebring het. Nadat hulle in Kanaän gekom het, en van die vrugte en die goeie daarvan geëet het, het hulle die land verontreinig en YHVH se erfenis 'n gruwel gemaak. Al die leiers, die priesters, die profete en die vorste, het ook teen YHVH oortree (Jer. 2:6 tot 8 en 26).

In vers 13 beskuldig Jeremia vir Israel van twee dinge, naamlik dat hulle die Fontein van Lewende Water verlaat het en nou drink uit gebreekte reënbakke wat geen water kan hou nie. Laasgenoemde verwys na die valse leerstellings van mense wat geen geestelike dors waarlik kan les nie. Daarom sê YHVH:

Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en sien dat dit boos en bitter is vir jou om יהוה, jou God, te verlaat; My respekvolle vrees is dan nie in jou nie," verklaar יהוה, God van die leërskare. Jes. 2:19 – PWL.

Maar te midde van Israel se ontrouheid sien ons YHVH as die getroue Verbondsgod.

Daarom sal Ek steeds met julle argumenteer," verklaar יהוה; "en met julle kindskinders sal Ek argumenteer. Jer. 2:9 – PWL.

Die King James vertaling stel dit soos volg: *Wherefore I will yet **plead with you**, saith the LORD, and with your children's children will I plead.* YHVH sê dat Hy met Israel en hulle nageslagte sal debateer (worstelsrtyd van woorde voer) en smeek oor die saak van hulle afvalligheid. Hy sal Sy volk nie verlaat nie! Nee, want Hy is soos 'n Vader wat Sy kind liefhet al stel die kind Hom ook hoe teleur. Al het Israel hulle rug op YHVH gedraai (Jer. 2:27), sal Hy steeds nog meer profete stuur om hulle en hulle kinders die pad terug na Torah-gehoorsaamheid te wys. Die rede? YHVH onthou die dae toe Israel getrou was en daarom sê *HaShem*:

Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van jou uithou, hoe jy agter My aan geloop het in die woestyn, deur 'n onbesaaide land. Jer. 2:2 – PWL.

Dit herinner ons aan die Eerste brief wat Yeshua deur die pen van Johannes aan die gemeente van Efese geskryf het;

maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie. Open. 2:4 en 5.

Ons eerste liefde moet altyd vir YHVH Yeshua wees wat ons uit ons Egipte van sonde verlos het! Ons moet Hom met ons hele wese liefhê. Hierdie liefde word deur Torah-gehoorsaamheid bewys:

Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.
Yeshua antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Joh. 14:21 en 23

Ons weet dat ons Vader-God waarlik liefhet en waarlik ken indien ons Sy gebooie bewaar:

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie (Torah) bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie (Torah(nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord (Torah) bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. 1 Joh. 2:3 tot 6.

Bepeins of Bespreek

1. Vergelyk hierdie Haftorah met die hedendaagse situasie waarin ons onsself bevind. Soos Israel van ouds het die politieke leiers (die konings en vorste) en die geestelike leiers (die priesters en profete) hulle rug op YHVH gedraai. Paulus het ook in sy brief aan die Romeine na 'n samelewing verwys wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid onderdruk (Rom. 1:17) en wat dwaas geword het in hulle oorlegginge en wie se onverstandige hart verduidster is (Rom. 1:21). Hy verwys na 'n samelewing wat nie meer die Skepper aanbid nie, maar wel die skepping en daarom het YHVH hulle oorgegee aan hulle eie vleeslike begeertes (Rom. 1:23 tot 25). Is die boodskap van Jeremia en Paulus nie net so van toepassing op die hedendaagse samelewing nie?

2. Het ons samelewing nie reeds die punt bereik waar YHVH ook vir ons sê: *Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en sien dat dit boos en bitter is vir jou om* יהוה*, jou God, te verlaat; My respekvolle vrees is dan nie in jou nie," verklaar* יהוה*, God van die leërskare,*

3. Wat staan ons te doen? In die verband skryf Natan Ya'acov Lawrence die volgende in sy kommentaar op hierdie Haftorah: *The message is this: REPENT AND STOP SINNING! Sin by biblical definition is the breaking or violation of YHVH's Torah-law as revealed and recorded in the books of the law in the Scriptures (1 John 3:4). Turn to Yeshua the Messiah who is not only your Savior, but also your King and Master. Stop violating the commands of YHVH unless you want to bring curses, judgment and death upon yourself and this nation. If each of you and I and a thousand or million other yous would turn back to YHVH a difference could be made. YHVH is gracious and slow to anger. The pages of the Bible are like a cup that runs over filled with examples of his grace and mercy. Conversely, for those who refuse to repent, who continue rebelliously in their hell-bent ways of arrogance and self destruction the wrath of Elohim, El Elyon, the Most High Elohim, burns with vengeance. He reserves vengeance for himself. Wickedness will be destroyed ultimately and permanently. The set-apart and righteous character of the Just Judge of the universe demands it. But until then, he pleads with sinners to repent and to turn from their wicked ways* (www.hoshanarabbah.org).

4. Waar is die wagters op die mure? Blaas jy die waarskuwingsbasuin sodat dit duidelik hoorbaar is, of is jy bang vir die klippe waarmee jy gegooi gaan word omdat jy diegene

wat geestelik slaap se rus gaan versteur? Onthou: Gebruik die klippe waarmee jy gegooi word om vir jou ‘n huis te bou!!

My desire is that if I must suffer, let me not suffer for my own foolishness, but let it be that I suffer for the sake of righteousness.

Chazak! Chazak! Venischazeik!

Wees sterk, wees sterk en mag ons versterk word.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.